
# Die poppe gaan dans!



**Maak self 'n oulike lappop vir 'n skat. Jy kan die gesiggies borduur of verf. Deur Riana van der Merwe**




## BENODIGDHEDE

Sowat 500 g stopsel
Sowat 50 g effekleurige dik breigare
1 m x 6 mm bypassende satynlint
**Opsioneel:** Materiaalgom; 2 x 25 cm lint vir versiering
**Materiaal:** Kaliko of sakdoek
**Opsioneel:** 'n Ander kleur materiaal vir voete
Jy kan ook van die benodigdhede, óf 'n volledige pakket bestel. Sien bl. 69.

## KNIP

1 x kop voor (plaas stippellyn op vou)
2 x kop agter
2 x been (op vou)
4 x arm
2 x lyf (op vou)
**Let Wel:** 5 mm naattoelating ingesluit

## AANWYSINGS

**1.** Trek gesig af op kop. Verf gesig met wasbare materiaalverf of borduur met katoengare. Laat verf heeltemal droog word. Stryk vir ongeveer 3 minute met warm, droë yster.
**2.** Stik arms aan mekaar met reguitsteek. Laat 5 cm-opening in arm soos aangedui (skets 1). Knip kepies om rondings en keer om.
**3.** Stik voete aan mekaar, vanaf borand tot by merk aangedui op patroondeel.
**4.** Stik reguitrand van voete aan kort kant van been vas (skets 2). Vou been dubbel en stik toe. Knip kepies by rondings en keer om.
**5.** Stik agterkop se panele aan mekaar.
**6.** Stik reguitrand van agterkop vas aan nekrand van een van lyfdele.
**7.** Speld pylnate op gesigdeel in. Stik op patroonmerke om gesig te fatsoeneer.
**8.** Stik reguitrand van gesig vas aan nekrand van ander lyfdeel (skets 3).
**9.** Stik arms vas aan synate van rugdeel met borande van arms onderkant skouerrand




van lyf. Duime wys na onder (skets 4).
**10.** Speld dele aan mekaar. Begin by onderpunt van een synaat en stik rondom kop tot by onderpunt van ander synaat. Gradeer nate en hoeke waar nodig. Keer dan om.
**11.** Stop kop en lyf styf tot ongeveer 5 cm van opening af.
**12.** Stop bene tot ongeveer 1,5 cm van opening af. Sorg dat agterste naat in die middel agter lê. Stik opening toe.
**13.** Stik bene aan lyf vas. Stop lyf verder tot 1,5 cm van opening af.
**14.** Vou rand van onderste opening om en werk met die hand met glipsoomsteek vas.
**15.** Stop arms styf deur die opening daarvoor gelaat. Werk dié opening ook met die hand toe.

## HARE

**1.** Knip een stuk lint van 80 cm en een van 20 cm lank.
**2.** Draai enkellaag breigare oor haarvurk. Plaas die 80 cm-lint in die middel van dié lusse. Stik met reguitstiksel, steeklengte 4. Herhaal tot hele lint aan lusse vasgestik is (skets 5).
**3.** Knip orige wol in 80 cm-stukke. Stik 20 cm-lint in die middel daarvan vas, steeklengte 4.
**4.** Begin by onderste gesigspylnaat aan een kant. Speld 'n ry lusse voor kopnaat. Draai by onderste pylnaat aan ander kant. Speld nog 'n ry agter kopnaat vas. Werk met hand vas of plak met materiaalgom vas (skets 6).
**5.** Speld reguit hare op middelagter-kopnaat vas, of werk met die hand indien verkies. Bind aan weerskante met lint vas om poniesterte te vorm. Werk lint naby die agterste ry krulle vas. Laat poniesterte los hang óf vleg en bindmet linte vas. ❑

**Patroondele op bl. 68**
foto Vimmi Kruger
stilering Riana van der Merwe


BEEN
KNIP 2 OP
VOU
KOP VOOR
KNIP 1 OP VOU
LYF
KNIP 2 OP
VOU
ARM
KNIP 4
swart
blou
wit
pienk
VOET
KNIP 4
rooi
KOP AGTER
KNIP 2